



Die WAPAD

STUDENTEBLAD

van die

P.U. vir C.H.O.

DEEL VI.

27 APRIL 1951

No. 2.

P.O.K. FNUIK POGING TOT SAMEWERKING

Mislukking te wyte aan Beleidsverandering

Uit onlangse skriftelike verklarings deur die P.U. Studenteraad en P.O.K. S.V.R. uitgereik blyk dat laasgenoemde tans 'n veranderde houding aanneem, asgevolg waarvan alle vorige pogings tot samewerking tussen Universiteit en Normaal tot niet gemaak is.

Die hele saak van samewerking tussen die twee inrigtings het verlede jaar begin na 'n briefvoorval op 'n P.O.K. massavergadering, waarteen die P.U.K.-Studenteraad beswaar gemaak het, aangesien die P.U.K. se goeie naam daarby betrokke was. Toe P.U.K. tydens 'n liga-rugby-wedstryd daarna nie Normaal met teësaing van voetballiedjies beantwoord nie, het mnr. Heyns, destydse P.O.K. S.V.R. voorsitter, onderhandelinge met P.U.K. aangeknop met die doel om 'n organisasie van samewerking in die lewe te roep. Die P.U.K.-Studenteraad van 1950 het onder leiding van mnr. W. J. de Klerk samesprekings gevoer wat 'n hoogtepunt bereik het toe die nuwe Studenteraad van die twee inrigtings op 11 Oktober 1950 op P.U.K. ontmoet het.

Mnr. Haasbroek van P.O.K. het luidens offisiële notule die doel van samewerking as volg gestel: Bevordering van universiteitsbelange, uitlewing van sy beginsels en verhoging van die universiteitsprestige.

Hoë Waardering.

Die P.U.K.-S.R. het met besondere waardering van hierdie houding kennis geneem. Dit het geskyn of P.O.K.-graadstudente werklik eerlike bedoelings koester teenoor die inrigting wie se prestige hulle in die buitewêreld moet deel.

Vervolgens het P.O.K. met 'n voorstel betreffende intervarsitiesport voor die dag gekom nl. P.O.K.-deelname deur onpartydige keuring in alle intervarsitiespanne.

Die P.U.K.-S.R. het wat intervarsities betref 'n bindende besluit geweier. Argumente deur P.U.K. geopper is dat elke afgerigte ligaspan die reg op deelname aan 'n intervarsitiesport het en dat kombinasie alleen met bewilliging van die betrokke span kan geskied. Tweedens is gevoel dat 'n kombinasiespan gewoonlik mank gaan aan gebrekkige samespel.

Nuwe Studentelied?

Die „Wapad” verneem dat die S.R. met mnr. S. J. Pretorius van hinder geskakel en ter eniger tyd 'n moontlike nuwe studentelied inwag. Mnr. S. J. Pretorius is 'n bekende Afrikaanse digter, sanger en 'n oud-student van P.U.

P.U.K. het egter individuele deelname van P.O.K.-graadstudente aan inter-universitêre sport daargestel. Ook op kulturele en nasionale gebied is luidens die notule pragtige geleentheid tot samewerking gebied.

Beleidsverandering.


Op 6 April 1951 het die voorsitter van die P.O.K.-V.S.R. 'n verklaring aan die P.U.-S.R. uitgereik waarvolgens Normaal alle samewerking verwerp indien dit nie nou reeds alle terreine dek nie. Die verklaring lui ook dat Normaal sy standpunt regverdig, aangesien samewerking op net sommige terreine vir die P.O.K. geen voordeel bring nie. Onthou sal word dat in die vorige be-

A.S.B. Beplan Binne-landse Toer.

Na verneem word, word daar vanjaar weer deur die A.S.B. onderneem om 'n binnelandse toer te organiseer vir die Julie-vakansie. Geen offisiële plan kan al bekend gemaak word nie maar na gemeen word, sal die toer 'n besoek aan die mooiste dele van Natal uitmaak. Die moontlikheid bestaan ook dat hierdie toer verder uitgebrei sal word deur van Durban per boot te vertrek na Lourenco Marques waarvan daan 'n toer deur Oos-Transvaal gemaak sal word wat o.a. 'n besoek aan die Kruger Wildtuin sal insluit. Om verskillende redes sal die onkoste vir elke toeris baie laag wees om deel te neem.

V.O.B.

leidsverklaring van Oktober 1950, Normaal alleenlik wou saamwerk ter bevordering van die belange van die Universiteit, ter verhoging van die presige van die inrigting, en terwille van en ter bevordering van die beginsels van die Universiteit. Om hierdie driedelige doelstelling te bereik, begeer die P.O.K.-V.S.R. nou samewerking op alle terreine. Volgens die P.U.-Studenteraad verklaar, kan so 'n onbaatsugtige doel nie deur 'n alles-of-niks-motief beheers word nie, maar sou dit wou skyn asof P.O.K. newe-bedoelings by die saak het.



Fires van Vuuren, wat saam met Piet Viljoen die gedugte senterpaar van Theos. vorm.

In 'n poging om tot 'n vergelyk te kom het die P.U.-Studenteraad sy houding ten opsigte van die hele kwessie op skrif gestel en aan die S.V.R. van Normaal gestuur met die versoek om dit aan sy studente voor te lees. In hierdie verklaring word o.a. gestel: Die S.R. kan dus nie anders nie as om met leedwese kennis te neem van hierdie veranderde houding nie, en ons insiens, open u punt is alle reeds bereikte resultate en moontlikhede van die baan af. . . . Wat atletiek en tennis betref het die P.O.K.-S.V.R. offisiël alle wêreld tot universitêre rekords en roem afgesluit. Ons betreur hierdie toedrag van sake, maar moet dit skuif op die verantwoordelikheid van 'n veranderde beleid.

Weier Voorlesing.

Op grond van veral bogenoemde gedeelte weier die P.O.K.-S.V.R. voorsitter om die P.U.-verklaring aan die Normaal-studente voor te lê. Hy sou nie wou hê dit moet vir hulle voorkom asof hulle eie Studenteraad die vlieg in die salf is nie.

Verder beskou hy die P.U.-verklaring as 'n leuenagtige weergawe van die werklike toestand. Die P.O.K. weier alleenlik samewerking omdat hyself geen voordeel sou trek uit 'n gedéeltelike vereniging van kragte nie.

Volgens die P.U.K.-verklaring gaan die saak eintlik dāarom, dat aan individuele graadstudente van die P.O.K. geleentheid gebied word om hulle talent op die breëre universiteits-terrein ten voordele van hulleself, en tot opbouing van prestige vir die Universiteit, te ontwikkel.

Betreur Houding.

Die P.U.-Studenteraad betreur hierdie nuwe houding van P.O.K., maar is bereid en sien kans om ons eie te handhaaf sonder die hulp van diegene wat met die (Vervolg in volgende kolom).

BEJAARDE KUNSTENARES BEKOOR NOG.

Elizabeth Schumann, die gevierde sangeres, het onlangs in 'n konsert te Potchefstroom weereens bewys dat in eenvoud ook ware skoonheid lê, en op haar natuurlike, gemaklike sangwyse het sy die applous van die publiek verdien.

Dit is waar dat hierdie sopraan nie meer in haar fleur is nie, maar die feit bly staan dat daar in Potchefstroom nog nie 'n lieder-vertolker van haar gehalte opgetree het nie, en daarom moet haar konsert waardeur word as iets unieks in die musiekgeskiedenis van Potchefstroom.

BEGELEIDING.

Die begeleiding van Herbert Greenslade was in treffende voeling met die vertolking van die sangeres, en het dus aan die vereistes wat die kunslied stel voldoen.

As 'n geheel was die konsert van Elizabeth Schumann iets wat

mens graag sal wil onthou, nie omrede die sensasieagtigheid wat 'n kwasi-kunstenares verwek nie, maar om die ware kuns-aanvoeling wat by haar vertolking na vore kom.

MANSHOKKIE.

Na 'n neerlaag van 2-1 in 'n vriendskaplike wedstryd teen Normaal het die P.U.-Manshokkie A-span Saterdag 'n klinkende oorwinning van 7-2 teen Proefplaas behaal, in hulle eerste ligawedstryd van die seisoen.

Garnisoen Delf Onderspit.

THEOS LEWER SPRANKELENDE SPEL.

In 'n interessante en opwindende wedstryd het die P.U. Saterdag 14 April vir Garnisoen oorrampel met 'n telling van 18-3. Dit was verblydend om die verbetering in die Pukke se spel op te merk.

'n Week tevore was die Pukke gelukkig om in 'n teleurstellende en saai wedstryd teen Klerksdorp te wen met elf punte teen ses.

GEEN HOOGTEPUNTE.

In die wedstryd teen Klerksdorp het die Pukke se moeilikheid al begin toe Hourani, Klerksdorp se heelagter, skaars 5 minute na die aanvang met 'n 50 treë strafskop pale-toe mik. Dit was mis, maar 'n rukkie later het hy met 'n pragtige strafskop van 60 treë geslaag (0-3).

Die Pukke ruk nou reg; die bal kom vinnig uit die skrum en die agterlyn beweeg blitsig. Piet Viljoen trap voor die pale vas met 'n skepskop, maar dis net skeef verby. Hourani bring nou telkens verligting vir sy span met lang lynskoppe.

Met die volgende agterlyn-beweging gaan Fires deur 'n gat, en gee uit na Visser wat by die agterlyn aangesluit en 'n mooi drie gaan druk het. Ongelukkig mis Platbos die vervyfskop (3-3).

Klerksdorp druk nou hard in die skrums en wen ook die lynstane. Hulle loskakel bring hulle kort-kort op die aanval met goedgemikte lynskoppe, en nadat Hourani weer 'n lang strafskop misgeskop het, slaag hy met 'n maklike strafskop net voor rustyd (3-6).

Ná rustyd het die spel saai begin word. Klerksdorp se voorspelers was amper deur met 'n stormloop, maar teen die end se kant het Theos, begin regruk. Schwellnus vlieg om die steelkant, gee vir Piet Viljoen wat deur twee verdedigers bars en 'n mooi drie druk. Die vervyfskop is mis (6-6).

Nadat Visser 'n mooi skepskop net gemis het, het Fires 'n oppor-

(Vervolg van vorige kolom).

een hand hulp aanbied en met die ander trag te verower, aldus mnr. B. Spoelstra, voorsitter van die P.U.-Studenteraad.

tunistiese drie vanaf 'n lynstaan aangeteken. Platbos het vervyft en met die telling op 11-6 het die eindfluitjie geblaas.

(Vervolg op bls. 3, kol. 2).

DE BULTHAAR-KAPPER

Langs Bult Garage.

'n Nuwe Haarkapperswinkel binne u bereik, Studente! Besoek ons—u voorkoms sal daarby baat.

U ondersteuning sal hoog op prys gestel word.

G. SCHOONHOVEN,
(Med. Gedpl.)

Potchefstroom se mees moderne

Dames-Klerewinkel

Die jongste versameling van Dames-rokke, -Baadjies, „Jeeps,” Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodigdhede, ens.

BY

LA VOGUE

(J. M. TAYLOR)

Posbus 221.

Foon 440.

Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner

J. P. V.D. WALT,

L.F.V.


KERKSTRAAT 111
(Langs Ackermans)

Foon 929,

POTCHEFSTROOM.

Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.

INGRAM SE BOTTELSTOOR



INGEVOERDE

en

KOLONIALE
WYNsoORTE

en

SPIRITUALIEË

Drink en Geniet

S & S

Super Dilla

en

Super Orange

Sherr & Shakinovsky
AUTO LAAN
Foon 16

I. GLASER

Kerkstraat 83.

Die beste vir

OMEGA - HORLOSIES
EN VERLOOFRINGE

Diens en Waarde is ons Leuse.

Foon 218.

Bus 248.

POTCHEFSTROOM.

TX MODISTE

Ons Uitstaande Winterreeks
kom nou aan!

Kostuums, Jasse en
Gebreide Stukke

Cardigans, Oortrekkers, Bolero's,
Jerkins en Angora-drag.

,Lottie' en Paryse Hoede

UNIALE A.S.B.

JONGSTE BESLUITE

Aan die nie-blanke student sal daadwerklike steun gelewer word, kragtens die jongste besluit van die Hoofbestuur van die A.S.B., deur die daarstelling van 'n fonds vir die verskaffing van aparte akademiese fasiliteite. Nie-blanke afgevaardigdes van nie-blankestudente sal deur die A.S.B. met bereidwilligheid te woord gestaan word. Ter uitbreiding van sy organisasie het die A.S.B. drie nuwe departemente daargestel.

Met Engelssprekende studente wil die A.S.B. saamwerk op 'n federaal-uitvoerende basis.

Vorige besluite t.o.v. die A.S.B. se beleid oor die gemengde universiteite is weereens bekragtig op 'n Hoofbestuursvergadering gehou op 27 Maart in Stellenbosch. Daar is egter verder besluit dat nie-blanke verteenwoordigers van nie-blanke studente aan gemengde universiteite te woord gestaan sal word deur die A.S.B. Die huidige toestand aan gemengde universiteite is baie ongewens, en om hierdie toestand te verhelp beoog die A.S.B. in samewerking met die regering, om 'n fonds in die lewe te roep vir die daarstelling van aparte akademiese fasiliteite.

Deur middel van hierdie fonds wil die A.S.B. bewys lewer dat sy beleid meer as teorie is. Daadwerklike steun en 'n positiewe bydrae is noodsaaklik.

SAMEWERKING.

Die A.S.B. het ook sy standpunt betreffende samewerking met 'n parallele Engelse bond wat die Engelse leefwyse verteenwoordig uiteengesit. Die beoogde samewerking, verklaar die Hoofbestuur, sal egter op 'n federaal uitvoerende basis geskied. Hiermee word bedoel, aldus die besluit dat 'n permanente reëling tussen die hoogste verteenwoordigende liggame van die twee onderskeie bonde getref sal word om gereeld saam te vergader sodat sake van gemeenskaplike studente belang bespreek kan word.

SO 'N REELING SKEP o.a.:

- 'n Konstitusionele posisie wat sal voorkom dat ons oor mekaar se eerste belange stem.
- 'n verhouding moontlik waarin ons mekaar se standpunte volkome kan erken.
- geleentheid vir beide kultuurvorme om in eie sfeer sonder konflik met mekaar te ontwikkel.
- beskerming aan minderheids-groepe.

NUWE DEPARTEMENTE.

Die volgende nuwe departemente is in die lewe geroep met goedkeuring van die Hoofbestuur: 'n Buro vir Werkverskaffing (mnr. F. R. Harris); Buitelandse Studiekringe (mnr. C. F. Nieuwoudt). Binnelandse toere (mnr. P. J. W. Louw). Mnr. D. Malan is as assistent-direkteur van publisiteit benoem.

S.R.-LID BEGAAN FATALE STAP.

Dit het onder die aandag van waarnemers gekom dat een van die Studenteraadslede tans nie meer sy eie baas is nie. Bedenkings word gekoester oor sy verdere bekwaamheid om leiding te gee, aangesien hyself nou gelei word.

Mnr. H. Schutte en mej. H. Hofmeyr het onlangs besluit om die alleenheid prys te gee en te trou. Vir die Pukke wat hulle vryheid liefhet, behoort dit as 'n waarskuwing te dien. Dit is waarop 'n kys kan uitloop! Aan die ander kant: Dit kan gedoen word!

Hartelike gelukwense aan die paar; mag hulle huwelikslewe geseënd wees.

PUKKE is altyd hartlik welkom by

UNIEWINKELS
as hulle in Johannesburg is.

Ons voorsien reeds die VOETBALTRUIE en KOUSE.
Binnekort maak ons 'n belangrike aankondiging i.v.m. die KLEURBAADJIES.

UNIEWINKELS, BPK.
Johannesburg.

Kerkstraat 45.

Foon 22-4746.

Van S.R.-Wêë

WAPAD:

Die S.R. wil sy hartlike dank uitspreek teenoor mnr Danie Erasmus vir sy dienste gelewer as Hoofredakteur. Waar hy weens veelvuldige werksaamhede die pos bedank het, wil ons sy opvolger mnr. Jan Coetzee alle sukses toewens. Ons weet hy koester planne met die Wapad; mag hy en sy medestanders suksesvol wees in die uitvoering daarvan.

SELFSTANDIGWORDING:

Die S.R. het die gevoelens van die studente m.b.t. die feestelikhede onder aandag van die betrokke instansies gebring. Dit is dan nou vir ons aangenaam om te berig dat die sake wedersyds bespreek is en dat daar nergens

Lesers van „Die Wapad” merk op dat die blad 'n verandering van formaat en aan-Die redaksie trag om die blad bieding van stof ondergaan. wat voorkoms en inhoud betref, werklik 'n studentekoe-rant in die ware sin van die woord te maak.

Opbouende kritiek en kom-mentaar word verwelkom.—Red.

sprake was van opsetlike of kwaadwillige uitsluiting van die studente nie. Wat gedoen is, is te wyte aan omstandighede en die groot aantal gaste wat verwag is. Laat ons groot wees en oor hierdie dinge heenstap, met ons skouers aan die wiele van ons onafhanklike Universiteit vir C.H.O.!

A.S.B.-BELEID:

Die S.R. het aan die A.S.B.-Hoofbestuur sy volle steun toegesê in hulle deurgetrokke beleid m.b.t. nie-blankes op gemengde Universiteite. Met besondere waardering en lof het die S.R. kennis geneem van die welmenende poging van die A.S.B. om d.m.v. 'n landswye fonds (nie-blanke universitêre opvoeding daadwerklik te bevorder. Dit is weereens 'n bewys dat die Afrikaner-student probeer uitleef wat hy leer—anders as diene wat liberale kleurloosheid leer, maar tog die teenoorgestelde probeer uitleef.

SPORT:

Met die begin van die wintersport wil ons aan al die spanne voorspoed en 'n aangename seisoen toewens. Op u rus die taak om die eerste letters te graveer in die sportannale van die pasgebore onafhanklike Universiteit? 'n Besondere woord van aanspooring en volharding rig ons aan mnr. Brink en sy span in die komende Dalrymple. Mag u in organisasie en prestasie die vaandel van ons inrigting hooghou!

VERHOUDING MET P.O.K.:

Die S.R. hoop om binnekort al die feite i.v.m. die mislukte samewerkingspogings aan die studente voor te lê.

B. SPOELSTRA (Voors.)

Die Wapad.

27 APRIL 1951

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

REDAKSIE.

Hoofredakteur: J. P. COETZEE.

Tegniese Adviseur: J. HERSCHELMANN.

Adm. Voors.: F. BOTHMA.

Verslaggewers: J. H. BOOYENS, C. J. MALAN, C. v.d. SPUY,
W. J. v. VUUREN, MEJ. B. KRUGER, A. PRETORIUS

SPOORSLAG

Die stoutste verwagtings wat gekoester was i.v.m. „Spoorslag,” amptelike nuusblad van die Afrikaanse Studentebond, is nie teleurgestel nie. Met die verskyning van hierdie blad word voldoen aan 'n reeds langgevoelde behoefte.

Die hele opset van die blad doen aangenaam aan en waar dit probeer om die Afrikaanse student bewus te maak van sy Afrikanerskap en as skakel wil dien tussen Afrikaanse studente aan ons verskillende universiteite en inrigtings vir Hoër Onderwys, roep „DIE WAPAD” hom welkom toe. Mag dit volkome slaag daarin om rigting te gee aan die Afrikaanse student, want ook die studentegemeenskap in die algemeen, sonder kritiek is verlore; immers: „die grootste gevaar vir die geestelike lewe is die selfingenomenheid.”

Onverskilligheid in 'n persoon is 'n lelike gewoonte. Wanneer 'n studente lewe daardeur gekenmerk word, is dit te meer betreuenswaardig. En tog wil dit voorkom of hierdie onverskilligheid die afgelope paar jare onder die Afrikaanse studente aan die toeneem is.

Immers, vandag word die algemene lewenshouding van die studente beheers deur 'n optrede van onverantwoordelike en met so min as moontlik beheersing van eie persoon, in soverre omstandighede dit toelaat. Daar word geskui agter student-wees.

Is die studerende jeug op universiteit om homself akademies te bekwaam vir die lewe, om geestelik ryp te word, om later die lewe in te gaan? Maar al té dikwels wil dit voorkom asof hy homself die onreg aandoen om nie van sy kanse gebruik te maak nie. Moet daar alleen nougesetheid openbaar word wanneer prestige by dosente gehandhaaf moet word? (Selfs dit skeel sommige maar min!).

En wanneer studente die lewe ingaan gewapend met sertifikate en professionele diplomas, dan is die begin maar al te groen. Die samelewing stel sy eise nou aan die intelgentia. Nou moet daar leiding gegee word, want nie enkel en alleen op eie terrein nie, maar ook op die terreine van die geestelike lewe in die algemeen wat reeds sy vooroefening moes gehad het gedurende die universitêre opleiding.

Die studente van vandag is die volk van môre en dan kry ons sulke skerpe kritiek soos:

„'n Volk kan nie 'n groot hoop mense wees wat leef, verdien, paar en doodgaan nie. So iets bloot-biologies—'n bredie mensvleis, 'n biosfeer om die aarde—sou iets ontsettends en aanstootliks wees, iets soos 'n pak slange wat in die slangtuin agter glas deurmekaar gekrul lê. Sou die wêreld armer wees as so 'n klomp slange of so 'n paar miljoen mense een nag pynloos vernietig word, sommer verdwyn en die ander dag môre nie meer daar is nie?”

Nee, laat studente vandag besef die groot taak wat môre op hulle wag en laat die voorbereiding vandag geskied. Die tyd is vandag en nie môre nie, om die tendens van onverantwoordelike en ongeïnteresseerdheid wat die algemene geesteshouding en lewensbeskouing domineer, te laat vaar.

Laat energie nie alleen tot plesier en vermaak gebruik word nie, maar ook en boweal bestee word aan dit wat universitêr-waardig is en tot heil sal dien vir die toekoms.

Immers is dié woorde maar al te waar dat die mens enkel helder, mooi en waardevol kan word, alleen in soverre as hy aan die geestelike lewe deelneem, en dat 'n groep volk word, en waardevol, reg kry om te bestaan, alleen in soverre as hy geestelike lewe voortbring.

„Spoorslag” dien as spoorslag vir die Afrikaanse student om hom bewus te maak en tot diepe besef te bring van die verpligtinge wat op hom rus, meer in besonder: as Afrikaner.

Ons roep julle alle sukses toe! Mag die blad slaag in sy doelbewuste strewe en trou bly aan sy selfgestelde vereiste van onverdeelde trou aan die ideale van die volk wie se jeug hy wil dien

LEES

Die Westelike Stem

Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer
word vir Wes-Transvaal.

SPORTBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

Dalrymple in Potchefstroom

Vir die eerste keer in die atletiekgeskiedenis word die Dalrymple-byeenkoms vanjaar in Potch. gehou. Ons sal dus die voorreg hê om die keur van Suid-Afrika se studente-atlete vanjaar op Olën-Park byeen te sien.

Onder die atlete wat hier gaan optree, is daar André Bester, Suid-Afrikaanse 220 treë kampioen, wat vanjaar vir Tukkie's hardloop. Springbokke soos Athol Jennings, Dudley Meyer, Tinkie Heyns en Don Clark sal ook waarskynlik optree.

ONS EIE.

Onder die P.U. se eie manne is daar ook uitblinkers. 'n Kêrel soos Willie Nel, wat op die onlangs gehoue Suid-Afrikaanse kampioenskappe getoon het dat daar met hom deeglik rekening gehou moet word, is die Pukke se grootste hoop, hoewel Brinkie, houer van die Dalrymple-titel vir die driesprong, ook 'n vername draer van die Puk-vaandel is.

ANDER STAATMAKERS.

Pan Coetzee, die gewigstoot- en werpskyf-veteraan van Wes-Transvaal is vanjaar ook aan die P.U. ingeskryf, en hy sal ons saak verstewig. Dan is daar nog atlete soos Ockert Goosen, Gert van der Berg, Harm Kruger en Zoeloe Snyman wat almal vir punte kan sorg, en die moontlikheid is gladnie uitgesluit dat die Potchefstroomse Universiteit vanjaar met die louere gaan wegloop nie. Hierdie byeenkoms sal beslis atletiek uit die hoogste rakke lewer, en ongetwyfeld iets wat mens nie graag sou wou misloop nie.

(Vervolg van bladsy 1, kol. 5)

ANDER STORIE.

Teen Garnisoen was dit egter heeltemal 'n ander storie: Theos. het met skitterende spel voor die dag gekom en daar was nooit enige twyfel oor die uitslag nie. Die voorspelers het die bal keer op keer in die lynstane gevat en Styger het klokslag gehak. Dié agterlyn het soos 'n gedagte beweeg.

Sommer vroeg in die wedstryd breek Fires, en Brink teken 'n oulike drie aan. Die drie word vervyf en die Pukke loop 5—0 voor.

VERDERE PUNTE.

Na 'n rukkies is dit weer Dr. Labuschagne wat die paal amper haal ná 'n mooi agterlynbeweging. Toe kom Visser, weer in die agterlyn en met die man-oor, druk hy 'n pragtige drie nadat hy eers 'n paar maal moes omrol om die doellyn te haal. Die vervyfskop is mis. (8—0).

Jackie Morkel was weer 'n doring in die vlees van die Pukke. Hy het hulle kort-kort gesystap, maar kon nie die buitelyn haal met sy skoppe nie. Hy bring Garnisoen na rustyd egter in 'n beter posisie met 'n strafskop (8—3). Die spel verslap nou 'n bietjie maar hoe nader aan die einde, des te opwindender word dit weer. Schwellnus en Piet sit 'n mooi beweging op tou, maar die skeidsregter ken nie die drie toe nie. Schwellnus vergoed egter met 'n oulike drietjie wat skitterend vervyf is. (13—3).

Kort voor die einde teken Brinkie weer 'n lieflike drie aan. Hy het die bal van 'n agterlynbeweging ontvang en toe dit lyk of hy vasgevat is, het hy losgebeur, 'n paar manne afgeskud en onder die pale gaan druk. Alwyn het vervyf. Eindtelling 18—3.

Theos. verdien beslis lof met hierdie briljante vertoning. Hulle het tot dusver werklik gespeel soos dit die kampioenspan van Wes-Transvaal en onoorwonne Universiteitspan van die Noorde betaam. Hulle behoort dit vanjaar weer ver te bring.

ANDER UITSLAE:

7 April:
P.U. Navy 9, Western Reefs 9.
P.U. IIIA 15, Normaal IIIB 3.
P.U. IIIB 3, Wes-Driefontein 9.
P.U. IIIC 3, Proefplaas IIA 3.

14 April:
P.U. Navy 14, Hartebees'n 8.
P.U. IIIA 18, Garnisoen IIIA 0.
P.U. IIIB 0, Koöperasie IIA 11.
P.U. IIIC 3, Handelskool I 3.

TEEN BLYVOOR.

Die wedstryd teen Blyvoor was wel nie so aanskoulik soos teen Garnisoen nie, maar darem nie een sonder hoogtepunte nie.

Die Pukke se voorspelers het deurgaans die bo-toon gevoer. In die skrums het dit eers 'n bietjie gesukkel, maar sake is gou-gou reggeruk. Die agterlyn het hulle kanse ten volle benut. Fires en Piet het soos seep deur gapings gegly, maar ongelukkig het sake op die kritieke oomblikke verkeerd geloop. Platbos het ook mooi gespeel in die agterlyn, terwyl Prinsloo en Stoney in die los en Alwyn in die lynstane verdienstelike spel gelewer het.

Stoney se pogings is dan ook bekroon met 'n mooi drie na 'n dribbelloop. Platbos het 2 strafskoppe oorgeskop en rustyd was die telling 9—0. Alwyn het ook 'n paar lang stelskoppe pale toe gemik, maar dit was elke slag net rakelings verby.

Blyvoor het na rustyd 3 punte ingesamel met 'n strafskop. Dit was dan ook die eindtelling.

ANDER UITSLAE:

27 April:
Navy 0, Fochville (I) 3.
3A 38, Fochville (2) 3.
3B 8, Proefplaas 2B) 0.
3C 3, Dorp (3) 11.

Argiefstelsel Verbeter.

Die S.R. het 'n eenparige besluit geneem dat die argiefstelsel op 'n meer wetenskaplike basis geskoei moet word.

'n Kommissie, bestaande uit mnr. P. Venter en V. E. d'Assonville, bygestaan in adviseerende hoedanigheid deur die S.R.-voorsitter, is benoem om dieper op die saak in te gaan.

In 'n onderhoud met ons verslaggewer het mnr. Venter gesê dat hy nog niks positiefs na vore kan bring nie, maar dat die gedagte is om die bestaande argief op 'n moderne, geskiedkundige en meer wetenskaplike lees te skoei.

'n Wolboer het 'n splinter nuwe kar vir sy seun gekoop. Geen week daarna kom die seun by sy pa aan met die versoek om 'n ander kar te kry.

„Nou maar wat is dan verkeerd met die een wat ek verlede week vir jou gekoop het?” wil die pa weet.

„Nie veel nie, maar al sy asbakies is al vol,” kom die antwoord.

Liberalisme aan die Kaak

Maar geen absolute Segregasie

Op 'n program-vergadering van die plaaslike A.S.B. het dr. S. P. van der Walt in 'n toespraak verklaar dat die Afrikaanse student 'n plig het teenoor die nie-blanke student, wat daarin bestaan dat ons die nie-blanke deur positiewe leiding moet help om 'n eie individualiteit op te bou. Absolute segregasie is onwenslik, aangesien 'n verbreking van kontak alle moontlikhede vir daadwerklike leiding afsny.

Jaap Helberg het met 'n klag van 'n swak gestel by die dokter aangekom. Die dokter verseker hom egter om nie bekommerd te wees nie want dit is maar net sy senuwees wat so 'n bietjie gedaan is. „'n Doppie brandewyn elke dag sal u heeltemal opknep”, verseker die dokter hom.

„Maar dokter hoe gaan ek dit drink sonder dat my vrou agterkom,” vra die pasiënt benoud.

„Ag man, plak 'n after shaving lotion-etiket op die bottel sit hom in die badkamer en elke môre as jy skeer neem jy twee slukkies.”

Dood in sy skik is hy daar weg. Twee weke na sy besoek aan die dokter kom daar 'n oproep vir die geneesheer van Jaap se vrou:

„Dokter jy moet my tog raad gee met my man.”

„Is hy ernstig siek mevrou,” vra hy.

„Nee dokter, ek weet nie, maar hy is besig om sy verstand te verloor, glo my, hy skeer nie minder as sewe keer op 'n dag nie.”

DIE NUUTSTE ONTWERPE.
MODE SE HOOGSTE PUNT.

ENKEL-LISSIE
DAMESSKOENE
vanaf 29/6

EDWORKS

(1936) Beperk.

Kerkstraat, Potchefstroom
DURENDE GEMAK.

ELKE DAG VARS!

TURKSTRA SE
BAKKERY

BROOD en alle KOEKSOORTE

Raadpleeg ons vir
BRUIDSKOEKE

PARKER & CO.

(Pty.) Ltd.
GENERAL HARDWARE
MERCHANTS

Phone 30, Potchefstroom, Box 245.

Irrigation Machinery and Plants
Supplied and Erected.

Workmanship Guaranteed!

Farm Implements and Spares,
Tools for all Tradesmen, Arms
and Ammunition, Fishing Tackle,
Kitchen Utensils, etc., etc.

Korrespondensie

KEUR PETISIE AF.

Ons Huis,
10 April, 1951.

Geagte Redakteur,

Ek is teleurgestel in die houding van sommige studente wat hulle self „P.U.-studente” noem en dit uitbasuin.

Skaamteloos word daar 'n petisie opgetrek vir voorlegging aan die S.R., waarin „gedreig” word dat die Alabama-Studente-orkes op 'n ander plek moet gaan oefen, aangesien hulle (dié studente) konsuis nie hulle werk kon voortsit met die oorverdowende lawaai nie.

Die Alabama het nog deur die jare in die klubsaal geoefen, en nou ewe skielik word die lawaai te veel vir sommige inwoners van die naaste koshuise.

Wat wel opmerkzaam is, is dat die persone wat georganiseer het en die petisie onderteken het, ôf nooit in hulle kamers is voor nege-uur in die aand nie, ôf dat hulle bymekaar oor en weer lê en luister na „L.M.” oor die radio wat op sy hardste gestel is.

Is dit nie die geval van die grootste kleinsieligheid nie, of is dit 'n geval van suur druiwe vir persone wat nie kan saam toer vanjaar nie? (Die wat die skoene voor pas, kan dit gerus aantrek).

Het hierdie „P.U.-studente” al ooit daaraan gedink watter liggaam die meeste geld inbring vir die boufonds van ons nuwe klubsaal?

Of hulle dit wil erken of nie, is die Alabama se funksies in die studentelewe en in die buitewêreld die van die belangrikstes.

Maar nou, omdat 'n paar persone ongelukkig voel, word daar

met alle ywer georganiseer om die Alabama tot niet te kry, en met die geskal van trompette word die ander studente aangevuur en met koersagtige haas word 'n petisie opgetrek vir voorlegging by die S.R.

Hierdie snobistiese gees is ongekend in die studentelewe en die persone wat dit openbaar het, openbaar ook hulle swartbevekte en gemuwwe karakters wat gladnie 'n voorbeeld stel vir die vreemdeling.

Nee, geagte studente, ons kan nie en mag nie toelaat dat sulke openbarings van swak gees in ons studentelewe posvat, wat gemik is teen ons ideale nie. Ons kan nie bekostig om dwars te trek op die P.U. vir C.H.O. nie.

Die uwe,
F. A. BOTHA.

[Dit lei geen twyfel dat mnr. Botha hierdie brief geskryf het sonder om goed na te dink nie. Sy skerp uitlatings, wat voortspruit uit sy ongebalanseerde subjektiewe beskouing van die saak, is ook nie bevorderlik vir 'n gesonde studentelewe nie.—Red.]


CORNER FRUIT STORE

Hoek van—Corner of
Kerk- en Retief Sts.

For— Vir—

Better Fruit and Vegetables Beter Vrugte en Groente.

Phone—118—Foon



Waar u ook mag wees

Kommando


—die gewildste

Suid-Afrikaanse sigaret



TRADISIE WORD GESKEND

Onlangs het die nare tyding uitgelek dat die Sanaat alle magte mobiliseer om studiemetodes so te verander dat bloktyd iets van die verlede sal word. Hierdie stappe word betreur, want 'n eeue-oue tradisie word nou geskend „Bloktyd” en „Universiteit” is deur tradisie twee nou verbonde begrippe, en om dit te bewys, word hier 'n afdruk geplaas, afkomstig uit die argiewe, wat aantoon dat bloktyd sinds jare her 'n vaste instelling is.



Hys die Vaandel.

ANHISTORIKUS.

I. DIE UITVAART.

Dit was jare her. Lank voor daar nog enige ontdekkingsreise na die Suide gemaak is, Lank voor daar vlac in skakering van Junion Jack tot Junion Jack aan die Kaap gewaai het. Ja, dit was in die tyd van ridders en helde en skone prinsesse toe hierdie gebeure afgespeel het. Gelukkig dat daar toe nog nie sprake van waarheidsridders, internasionalehelde, maatskaplike-drake en skoonheids-prinsesse was nie, anders was hierdie verhaal iets van die verlede.

Dit was in 1313; die tyd van die onverdwene adel.

• • • • •

Onverpoosd spook werktuigkundiges al van die begin van die jaar op die droë dokke van die hawe Gadarea om die „Gathlandia” weer vlot te maak. Die offisiere het hulle hande vol met die ledige matrosies op land. Staking op staking dreig en telkens moet hulle in bedwang gebring word deur dreigemente of op parade te laat numéri.

Uiteindelik, teen die aand van di 10e Mei is die water by die dokke ingelaat en kon die hawekaptein, Dirk Roffvanprooy, op aanbeveling van sy hoofingenieur, Vetstér Preller, verklaar dat die skip nou weer seevaardig is.

Dadelik roep kaptein Platbosius sy manne op, en binne twee dae is alles gereed om die reis te aanvaar. Waarheen, weet alleen nugter, die kaptein en Svenson Verderwe, die tweede offisier.

Vroeg, die more van die 13e (Vrydag) vind ons dan die kaptein op die voorstewe terwyl sy bemanning aantree. 'n Kort stewige klein mannetjie, effens vooroorgeboë, maar met 'n baie besliste trek om sy mond. Sy driehoek-hoed verleen gracie aan sy voorkoms terwyl sy kortbeentjies met kniebroek, sykouse en al ongeduldig rondtrap sodat jy net „bukkels” sien blink op die bdink swart skoene.

Met onrustige haas gaan sy blik oor die omgewing om die hawe. 'n Haaimatiese kompleks van berge en dale.

Reg in die Suide lê die bekende Fitskura grot, nog vol van perde-

geraamtes uit die ystertydperk. Dan steek wes van die onbetrede woude die Maposberg uit waar die Mapossers bly. Dit is die enigste plek waar nog die welriekende vleuelbossie gevind word. Daaragter rys ten hemel in die blou vert' die Groot Spelonken-reeks, wat vroeëre bewoon was, maar nou te gevaarlik geword het weens die snelle vermeerdering van tiere en boskatte en wat dies meer sy.

Reg in die Weste, aan die oewers van die meer Vismadmae verkleur die son die hoogste pieke van die Haaimatiese reeks, d.i. die berg van Waterpanne. Noord van hom verrys die Domum Vaccinarum; d.i. die tuiste van koeie, terwyl tussen hulle die Hinnom-dal gevorm word wat ver in die weste uitloop op die Dooiesee.

Uiteindelik rus sy oë op sy manne voor hom. Pragtig staan hulle. Sierlik regop. Die ene dissipline.

Aan sy regterhand staan die eerste offisier, Spoelstra Bokstra, 'n ware steunpilaar. Sy moeë oë toon dat die land eskapdes hom totaal uitgeput het want hy moes met die versmaaide rytuie van landrotte sover gaan as die stad van Burgers om sy gemoed te kalmeer.

THEOS. SE NUWE GEWAAD.

Ou Here lui om Truie te was.

Die voetbalbestuur het deur middel van die S.S.B. 'n ontwerp vir 'n nuwe voetbaltrui aan die S.R. voorgelê.

Op grond van die feit dat die bestaande rugbytrui te gou vuil word en moeilik skoongemaak word, het die bestuur gevoel dat die trui verander moet word.

Mnr. P. de Wet, sekretaris van die S.S.B. staan egter skepties teenoor die saak. Hy verwelkom die verandering maar het tog die beswaar geopper dat die verbleikte maroon trui 'n skerper kontras met die nuwe trui sal vorm (Vervolg in volgende kolom).

Aan sy linkerhand die eerste stuurman, Lukas Galea, met die goue helm op sy kop. 'n Man wat die laaste tyd nie meer die skip verlaat as dit in hawes vasgemeer lê nie.

Voor hom kyk hy eerste teen die kniekoppe vas van die twee reuse seerotte Flappie Humanos en Svenson Verderwe, die kosporpooraal en tweede offisier. Agter hulle, 'n blok van 'n man, die kanonier, met 'n mes in sy mond en swart doek om sy kop, die ene Pél Pietser, en onder 'n ruie bos hare loer langs hom uit die skeeps orkes- en koormeester, Jan Bächius.

Dan is daar nog die bibliotekaris, Daantjie Hennegaan, die betaalmeester, Woutjie Norspa; die kwartiermeester, Kierrie Koerant; die dekkoffisier, Wyntand van Linde; die kok, Pottie Loodgieter; die seinmeester Fabbie Thaboth; die skeepsdokter, Borrie Bil; e.a. offisiere wat later deur die verhaal meer bekend sal raak soos Troebadoer Kaalkop; Piet van Kontrei; Loutjie van Dam; Frans Stasie. Almal sobere offisiere. Trou in hulle plig.

Rondom hulle skaar sig die matrosies. Pronkuitgawes van neutrale onderrig. „Die ene dissipline.”

Eenkant, inmekaar gehurk, sit die enigste passasier in 'n stille hoekie. 'n Geleerde van naam. 'n Man met tientalle titels; die Voyage of the Beagle onder sy een arm en die Inferno van Dante onder die ander. Dit is Daniderius Erasmus, die geleerde Droogmatoloog wat nou sy „Voyage of the Gathlandia” deurmaak.

„Manne,” sê Platbosius, en tevergeefs probeer hy sy plat borsie uitstoot.

„Manne, ek sê en sy esse fluit deur sy tande. „Beesblasies, ek is trots op julle. Al wat ek wil hê is dissipline en niks nonsies nie. Alle passasiers wat moeilikheid maak gooi ons oorboord.”

„Ons het 'n lang pad voor en julle sal moet styfstaan. Soutvleis en seewater is julle lot. Maar ek weet julle sal dit verdra want ons gaan 'n groot skat haal!”

Oorverdowend word hy toegejuig.

„Lig die ankers en hys die vaandels.” In 'n kits is alles in rep en roer en terwyl Jan Bächius begelei werk almal singend en fluitend saam; en terwyl hawekaptein Roffvanprooy hulle saluer, vaar die skip statig die hawe uit in volle seil.

Wat het van die Gathlandia geword? Is daar nie dalk seerowers op die pad nie? Gaan hulle die skat kry? Lees die volgende uitgawe van die Wapad!

* Geen plek of persoon in hierdie verhaal het betrekking op werklike plpekke of persone nie.

Mnr. P. J. W. Louw word hartlik gelukgewens met sy aanstelling as Direkteur van Binnelandse Toere van die A.S.B. Die A.S.B.-Hoofbestuur het 'n groot steun ryker geword.

(Vervolg van vorige kolom): as wat met die wittes die geval was. Hy het gevat opgemerk: „Ek wonder of hierdie verandering nie gebore is uit die feit dat eerstejaars nie meer voetbaltrui mag was nie.”

Die S.R. het, volgens inligting, die ontwerp na die S.S.B. terugverwys vir 'n hergroepering van kleure, omdat ou goud en silwer nie langs mekaar geplaas word nie.

J. N. J. Kritzinger

FOTOGRAAF

ROYAL HOTEL-GEBOU,
Kerkstraat 84, Telefoon 455,
Potchefstroom.

AS U 'N FOTO WIL SKENK
kyk dan

EERS NA ONS FOTO'S

(in ons Ateljee, of by
tevrede P.U.Kaners).

BULT GARAGE

(Edms.) Bpk.

Tomstraat 55, Potchefstroom.
Foon 952.

Fietse, Flitse, Onderdele, ens.
verkrygbaar. M.a.w.

'N FIETSAFDELING VIR
STUDENTE.

Reparasies van enige aard.
VRY LUG-VOORSIENING.
Ondersteun 'n Afrikaanse saak.

TOETS JOU OË

by

M. SINGER

F.S.M.C., F.B.D.A. (Londen)

OOGARTS

by die

MOOIRIVIER APTEEK

KERKSTRAAT 155,

Foon 380 POTCHEFSTROOM.

HARRY

JEDEIKEN

Foon 639.

Kerkstraat 115, Potchefstroom.
Invoerders en Handelaars in

Verf, Glas, Boumateriaal
en

Huishoudelike
Benodigdhede

GILFILLAN EN STROH

POTCHEFSTROOM.

FIETSE EN
FIETSREPARASIES

W. J. SPAVINS EN SEUN

VIR ALLE

Elektriese Benodigdhede

Draadlose, Koelkaste.

Kerkstraat 65,

POTCHEFSTROOM.

J. HEIDEMA

Kerkstraat 30, Potchefstroom

(teenoor Geref. Kerk).

FIETSE (alle soorte).

MOTORFIETSE (Zündapp,
Matchless).

NAAIMASJIENE (Gritzner).

TIKMASJIENE (Olivetti).

J. HEIDEMA.

PRESIDENT KAFEE

Kerkstraat 70.

vir die Beste

LIGTE ETES

en

VERVERSINGS.

WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL

SPORTUITRUSTERS.

Ons spesialiseer in alle

SPORTBENODIGDHEDE, WAPENS, AMMUNISIE,
VISGEREEDSKAP, asook HERSTELWERK en
HERBESNARING aan TENNISRAKETTE.

P.U. KLEURE 'N SPESIALITEIT.

Kleurbaadjies en Oud-studente Kleurbaadjies.

Kerkstraat, Potchefstroom.

STUDENTE!!!

VIR AL U

Handboeke, Skryfbenodigdhede, Leertasse,
Geskenke, ens.

besoek ons en wees verseker van goeie diens.

UNIE-BOEKHANDEL (Edms.) Bpk

Kerkstraat 90.

Foon 497.